# Die belangrikste vermoë vir die toekoms - Roedolf Botha

**CQ (kulturele intelligensie)** behels veral elemente soos:

- ‘n Bewustheid deur elke indiwidu van sy/haar eie kulturele voorveronderstellings (wat skadelik of onskadelik kan wees).
- ‘n Bewustheid van hoe iemand se eie kulturele agtergrond ‘n negatiewe invloed kan hê op hoe ander kulture beleef en geïnterpreteer word.
- ‘n Bewustheid van die waarde wat ander kulture kan hê en ‘n gewilligheid om te leer by sodanige kulture.
- ‘n Sensitiwiteit vir mense van ander kulture en ‘n bereidwilligheid om mens se eie voorkeure soms tydelik opsy te skuif sodat ‘n ander kultuur geakkommodeer en werklik leer ken kan word, ter wille van die verhouding.

Indien CQ nodig is in die res van die wêreld, is dit veral uiters noodsaaklik in ‘n land soos Suid-Afrika met sy elf offisiële tale! Wat my uiters bekommerd maak - ten spyte van talle mooi voorbeelde - is hoeveel medegelowiges (en mede-Afrikaners), steeds nie die boodskap kry dat ons brugbouers in Suid-Afrika moet wees en nie muurbouers nie! Ons kan nie ‘n enkele muurbouer bekostig in ons land nie, veral nie negatiewe of siniese mense wat mure bou terwyl hulle op Sondae ewe vroom lofliedjies vir Jesus sing nie!

Paulus sê in Kolossense 3:11: *Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.*

Ons kan ‘n paar afleidings maak uit hierdie een versie met die konteks in ag genome. In die eerste plek bestaan die nuwe “volk van God” nie meer uit ‘n enkele etniese groep (soos Israel) nie, maar ‘n radikale etniese diversiteit. Die nuwe “ons” is nou nie meer Israeliete, of Afrikaners of Zoeloes nie, maar ‘n nuwe liefdesgemeenskap waar alle kulture en mensegroepe deur Jesus verenig word tot ‘n nuwe mensheid. Dis waarna ons moet streef, ook in Suid-Afrika.

Die tweede afleiding is dat daar gevolglik ‘n radikale verdraagsaamheid moet wees heens mense van vreemde kulture. Een goeie voorbeeld uit die teks is byvoorbeeld die woord wat gebruik word vir “onbeskaaf”. Dit is die woord “Skitiër”. Die Skitiërs was ‘n klein etniese groepie wat hulle oorsprong in Krimea (suide van die hedendaagse Ukraïne) gehad het.

Wat belangrik was van hierdie groepie mense in die huidige konteks, was dat hulle beskou was as die mees barbaarse ras in daardie tyd. Hulle het byvoorbeeld hulle drank gedrink uit die skedels van hulle oorwonne vyande! Asof dit nie erg genoeg is nie het hulle babadoeke gemaak van hulle teenstanders se kopvelle! ‘n Laaste bykomstige lastigheid van die Skitiërs was dat hulle sleg geruik het.

Paulus se punt is egter dat Jesus rasse-eenheid bring in God se koninkryk waar liefde, vreugde en vrede die hoogste waardes is. Die radikale kruisliefde van die Here is veronderstel om etniese verskille en rasse-uniekhede te oorkom. Dit beteken dat ons - gebaseer op die goeie nuus van Jesus ‘n intelligensie en wysheid hoort te ontwikkel wat ons in staat stel om met

mense saam te werk wat radikaal anders is as onsself!

Ons leef egter in ‘n land waar etniese verskille misbruik word en waar sommige politici dit gebruik om rasse in Suid-Afrika teenoor mekaar af te speel vir politiese- of finansiële gewin. So word groepe in ons land geheel en al gepolariseer. Voor hierdie leuens mag ons nie val nie en dit moet weerstaan word ten alle koste. Die teenvoeter vir negatiewe politiese propaganda is om eerder vriendskappe te smee oor etniese grense heen en self, met jou eie ore te luister na die stemme van ander kulture! Luister fyn en lank totdat jy ander kulture begin waardeer en die skoonheid in elke Suid-Afrikaner raaksien, ongeag ras of velkleur. Vergewe ander mede-Suid-Afrikaners roekeloos en laat jou liefde vir alle mense so toeneem dat jy oor soos Paulus eendag kan sê:

***In hierdie land maak dit nie saak of iemand Afrikaans of Zoeloe of Engels of Sotho is nie. Hier oorheers die liefde van Christus alles en almal!***

***(Met dank oorgeneem uit “My Wêreld Nuusbrief - E-kerk)***